# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van Wet 60 van 2000 as `n Versamelaarsvereniging - Reg No: 1300054

Geaffilieer by NAACCSA
Geaffilieer by CHASA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 1990


E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

## NUUSBRIEF 1 / 2012

## DIE BESTUUR VIR 2012



Voorsitter – Theron Wessels
Sel: 082 4642 596
Tel: 014 – 743 1171



Onder-Voorsitter – Martiens van Staden
Sel: 082 8567 149
Tel: 014 – 743 4500



Sekretaris – Tok Du Preez
Sel: 083 3890 500
Tel: 014 – 743 3890



Tesourier – Nick Pretorius
Sel: 082 5699 214
Tel: 014 – 743 0667



Versamelaars – Charles Bresler
Sel: 083 2694 790



Toegewyde Jagters – Fred Earle
Sel: 082 7714 584
Tel: 014 – 743 2174




Opleiding – Tokkie Krüger
Sel: 082 8227 964
Tel: 014 – 743 2174



Add. Lid – Jan Bondesio
Sel: 082 5563 459
Tel: 014 – 743 2493



Add. Lid – Johann Pretorius
Sel: 078 1746 957



Add. Lid – Frikkie van Staden
Sel: 083 4910 292



Kantoor – Daleen Rautenbach
Tel: 014 – 743 2174
Faks: 014 – 743 1990
E-pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

## ALGEMEN JAARVERGADERING

**Ons Algemene Jaarvergadering wat op die 10de Februarie 2012 gehou was, het baie voorspoedig afgeloop. Baie dankie aan al die lede wat teenwoordig was.**
**Die Notule van die vergadering word vir u aandag hieraan geheg. Lees dit asb. deur, daar is belangrike besluite geneem gedurende die vergadering.**

## PRETSKIET EN VERSAMELAARS-AKTIWITEIT

Die eerste 2 pretskietdae vir die jaar is reeds afgehandel.
Baie dankie aan Santie en Michiel Meyer vir die praatjie en demonstrasie van hulle Voorlaaiers. Ons het dit baie geniet.
Ek herinner julle dan aan die Bosveldskiet van die 10de Maart.

## JAGTERSGIDS

Die BWAV is besig om 'n jagtersgids saam te stel en ons benodig julle hulp.
Die gids dek die gebied wes van die N1. Daar gaan inligting in wees soos noodnommers, wetgewing, Professionele Jagters, jagplase, 'n kontrolelys, advertensies en vele meer.
Om die gids van die been af te kry, benodig ons by julle inligting. As jy weet van 'n vriend met 'n jagplaas of jou eie jagplaas, kry by die kantoor 'n vorm, voltooi dit en stuur dit so spoedig moontlik vir ons terug. Dit is GRATIS!!!!! Dit gaan jou net jou eie moeite kos.

## RESEPTE

Ek weet daar is baie van julle wat lekker kos maak wanneer julle gaan jag. Ons benodig daai lekker resepte van julle.
As jou neef Heinz 'n nukkerige potbrood op die vuur maak, stuur die resep in!!!! Jou neef Heinz se resep sal lees "Neef Heinz se potbrood".
Ons wil graag die resepte so tussen ons jagplase in die gids plaas. Dink net hoe trots gaan Neef Heinz wees as hy weet sy potbrood word in ons jaggids geplaas. Asseblief mense, sonder julle hulp is ons gids dood gebore.

## VERSAMELAARS AKTIWITEITE

U moet **drie(3)** aktiwiteite elke jaar bewys.

Ons versoek u om te let op die volgende aktiwiteite wat deur die BWAV **erken** word:

Daar is vier datums op die jaarprogram vir versamelaars aktiwiteite uitgesonder. U sal merk dat dit op bestaande "Pretskiet" datums is, m.a.w. u kan aan beide aktiwiteite deelneem op een dag en erkenning vir beide kry. Die versamelaars aktiwiteit sal wees vanaf 10 tot 11 uur.

Die aktiwiteite wat aangebied word sluit die volgende in:

- gassprekers
- demonstrasies
- uitstallings deur mede-versamelaars, handelaars, wapensmede, ens.

U kan met 'n versamelstuk kom skiet op 'n **BWAV "Pretskiet" dag op MASADA skietbaan** en sodoende erkenning kry. Neem kennis dat dit een van u versamelstukke moet wees. Vra vir die BWAV baan offisier om n volledige aantekening te maak op die "Bewys van versamelaars aktiwiteite" vorm t.o.v die wapen besonderhede en daarby te teken.

Ons besef dat daar heelwat lede is wat ver van Naboomspruit af bly en het dit goedgedink om selfs **sekere** aktiwiteite wat deur ander instansies aangebied word erkenning te gee. Die lede wat dus nie aktiwiteite by die vereniging kan bywoon nie, het die geleentheid om hulle aktiwiteite op ander maniere by te bring.

**Voorbeelde van sulke aktiwiteite:**

-besoek aan 'n museum waar wapens op uitstalling is, bv. die Johannesburgse Oorlog Museum bied gereeld uitstallings en derglike aktiwiteite aan.
-besoek aan ander wapen- en ammunisie versamelaars verenigings aktiwiteite, bv. Pretoria Wapen en Ammunisie Vereniging, ens.
-besoek aan 'n wapen veiling, soos gehou deur Classic Arms.
-besoek aan die "Aim of Huntex Expo".

Indien u 'n "Versamelstuk van die jaar" inskryf sal u ook erkenning kry. Die inskrywing is egter nie verpligtend nie.

Ons verwys u na die "Bewys van versamelaars aktiwiteite" dokument en spesifiek na die laaste twee kolomme. Dit is 'n kontrole maatstaf en vereis die besonderhede en handtekening van 'n persoon by die instansie waar u die aktiwiteit bywoon. Indien dit nie bekom kan word nie heg n dokumentêre bewys aan, bv. n toegangs kaartjie.

Dit is van kardinale belang dat u die "Bewys van versamelaars aktiwiteite" dokument op datum sal hou. 'n Afskrif moet aan die einde van elke jaar deurgestuur word na die kantoor waar dit op u lêer geliaseer sal word en sodoende sal u 'n geskiedenis opbou.

Indien u nie seker is of n aktiwiteit erkenning gaan kry nie, kontak gerus die kantoor.

## DISSIPLINÊRE PROSSEDURE

Hierdie saak is gedurende die Algemene Jaarvergadering, gehou op 10 Februarie 2012, bespreek. Die tugstappe is deur die vergadering aanvaar en goedgekeur.

Jou naam word op die lys geplaas wanneer jy nie aan die vereistes soos hierbo uiteengesit, voldoen nie.

Om u naam van die dissiplinêre lys te verwyder, word die volgende vereistes aan u gestel:

- Skakel die kantoor en maak seker dat al u inligting op datum en korrek is.
- Maak 'n afspraak vir 'n onderhoud met die Versamelaars-komitee.
- 'n Boete van R300.00 is teen u gehef. Maak seker dat u dit betaal.
- U het 14 dae na ontvangs van die skrywe om die kantoor in kennis te stel dat u wel die skrywe ontvang het.
- Binne drie (3) maande, na ontvangs van die skrywe, moet bogenoemde vereistes nagekom word om u status te behou.

Indien u versuim om bogenoemde vereistes na te kom, aanvaar die BWAV dat u nie meer u status as Versamelaar benodig nie. U verloor dus u versamelaars-status. U is dan net 'n gewone lid by die BWAV.

U naam word deurgegee na Sentrale Vuurwapen Register.

Dit is nie die BWAV se verpligting om u status te behou nie, die Vereniging is slegs daar ter ondersteuning. U as Versamelaar is verantwoordelik vir u Versamelaars-status.

---

## 2012 AIM & WILD EXPO

**Laas jaar het ons 'n bussie gereël na die Aim & Wild expo. Dit was vir baie van ons 'n hoogtepunt. So, ons gaan weer so maak.**
**Die Expo is vanaf die 30ste Maart tot die 1ste April 2012 in Pretoria.**
**Ons reël weer 'n bussie vir die Saterdag, 31 Maart en vir die Sondag, 1 April.**
**Kostes hieraan verbonde:**
**Vervoer – R220.00 per persoon, toegang by die hek – R50.00 per persoon.**
**Ons vertrek beide oggende vanaf DIY Depot Naboom om 08h00.**
**Die Aim & Wild Expo is 'n buitelug expo. Daar is baie om te sien oor Jag, Visvang, Kampeer en Boeke. Bespreek asb. by die kantoor. Onthou dit tel as 'n versamelaarsaktiwiteit. As jou naam nie op die lys is nie, kan jy nie gaan nie.**

---

## HUNTEX 2012

**2012 HUNTEX is die naweek van die 20ste tot die 22ste April. Dit is by Gallagher.**
**Ons het 'n bussie wat die Saterdag HUNTEX toe ry. Die kostes hieraan verbonde:**
**Vervoer – R230.00 per persoon, toegang by die hek – R60.00 per persoon.**
**Dit is ook 'n Versamelaarsaktiwiteit. Bespreek by die kantoor.**

---

## MOENIE DIE VOLGENDE STUKKIE MIS NIE!!!!

Ek soek vanoggend inligting op die internet van 'n spesifieke jaggeweer en skielik besef ek, ek is besig om my tyd te mors want daar is niks. Wel, nie heeltemal niks nie, maar bitter min. Toe besef ek vir die eerste keer hoekom sertifiserings vir almal so 'n kopseer is.

Kom ons begin voor. Jy het 'n nuwe wapen gekoop, persent gekry of jy moet her-lisensieer. Gaan jy dit as 'n gewone persoon, Toegewyde Jagter of Versamelaar doen? Gewone persoon, gebruik die kontrole-lys wat ons laas jaar uitgegee het en doen aansoek. Toegewyde Jagter, volg dieselfde lys en kry by my 'n Endossement. Versamelaar…… Sterkte! NEE, ek grap net. Dis so maklik soos 1, 2, 3.

As jy 'n Versamelaar is lê die volgende vir jou voor. Of dit 'n nuwe aansoek of 'n her-lisensiering is, JY GAAN DIT DOEN!

Dit is hoe dit werk:
Gaan neem foto's van jou wapen. Skryf alles wat op jou wapen staan neer. Maak seker jy weet watse fabrikaat, kaliber en model dit is. As jy nie weet nie, vind uit. Jy is die VERSAMELAAR!

Jy kontak die kantoor en ek stuur vir jou 'n skoon sertifiserings-vorm en 'n voorbeeld aan. Voor jy die skoon vorm oopmaak en lees, gaan kyk jy wat staan in die voorbeeld, lees dit met aandag deur.

Onthou ons leef in 'n verligte era, ons werk met rekenaars, gewoonlik met internet ook, dit is nou as jy sein het in Naboom. Jy gaan die sertifisering op rekenaar voltooi. Asseblief, nie met die hand nie. Ek sukkel genoeg met Oom Theron se handskrif, so wees my asseblief genadig. As jy nie 'n rekenaar by die huis het nie, behoort daar 'n Internet-Kafee op die dorp te wees waar jy dit kan doen.

Nou gaan ons navorsing doen. Baie van julle het boeke vol inligting oor julle wapens, andersins Internet. Daar is sekere wapens waarvan jy geen inligting gaan kry nie, dan help die proefmerke. Moenie van ons biblioteek vergeet nie. Daar is hope Magnum's, nie roomys nie, tydskrifte. Ek sal vir julle fotostate ook maak.

Nou gaan ons vir die eerste keer met die skoon sertifiserings-vorm werk (op rekenaar).
Deel jou inligting in onder die verskillende afdelings. Die foto wat jy geneem het, sit dit ook daarin. Sommer een van die proefmerke ook. Vir die eerste keer in jou lewe mag jy ook "cut" en "copy". Onthou net om aan die einde van die

sertifisering te sê waar jy die inligting gekry het (bronnelys). Maak seker jy weerspreek nie jouself nie.

Nadat jou sertifisering voltooi is en die vorm nou uit omtrent vyf (5) of ses (6) bladsye bestaan, stuur jy hom terug vir bosveldwapenenammunisie@gmail.com.

Ek sal sorg dat jou vorm by Charles uitkom. Hy werk deur die vorm en kyk of daar nie 'n probleem is nie. As daar 'n fout is, sal hy jou bel en die fout reg maak. As jy nou regtig droog gemaak het, gaan hy dit vir jou terug stuur en jy sal dit moet oor doen.

Wanneer Charles tevrede is met die sertifisering, teken hy die vorm en stuur vir my terug. Ek gee die sertifisering vir ons Voorsitter, Theron Wessels en hy teken elke blad.

Wanneer alles geteken is, sal ek jou bel en ons sal 'n reëling met mekaar tref oor die sertifisering. Onthou dit is nie jou motivering nie, dis 'n sertifisering vanaf die BWAV dat die wapen wel 'n versamelstuk is. Die sertifisering gaan NET oor die WAPEN, nie oor jou nie. Jy moet nog steeds jou motivering skryf.

SO..... Wat ek nou eintlik vir julle sê ....... Dit is nie meer soos in die ou dae, waar ons op 'n stukkie papier 'n klompie tjommel gorrel nie. Ons is besig met versamelstukke. Daar is net oor die 2000 versamelaars in Suid-Afrika. JY is een van hulle!

Ek hoop julle verstaan sertifiserings beter. As jy sukkel en moedeloos word, hou moed! My telefoon nommer is op die voorblad, by kantoor.

Onthou om jou plek op die bussie vir die AIM & WILD EXPO te boek.

Sien julle op die skietbaan!!!

Daleen




**SPANIO VUURWAPEN AKADEMIE**
Bk 2004/078194/23

Japie Spanio
Vuurwapen Assessor/Moderator
Sasseta Akkreditasie
I.T.A. Opleiding

Tel 015 667-0175 sel 0833539680
e-pos jspanio@xsinet.co.za
Sasseta PAA 00305 SAPS 4000266

Spanio Vuurwapen Akademie het hulle eie skietbaan en klaskamer op die plaas. Vir meer inligting skakel Mnr. Spanio gerus.

---

# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054

Geaffilieer by NAACCSA
Geaffilieer by CHASA

BWAV 27 06 01

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 1990

E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 10 FEBRUARIE 2012 TE PANORAMA GASTEHUIS OM 18H30**

1. **OPENING**

Ds. PA Venter van Louis Trichardt open met skriflesing en gebed.

2. **VERWELKOMING**

Die Voorsitter heet almal teenwoordig welkom.

3. **PRESENSIE**

Alle lede teenwoordig teken die presensielys soos aangeheg.

4. **MOSIES**

Geen

5. **KONSTITUERING**

Die lede teenwoordig en lede met proxie stemme vorm ‘n kworum.

6. **VASSTEL VAN SAKELYS**

Die sakelys soos gesirkuleer word vasgestel met 2 toevoegings.

7. **NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**

Die Notule van die vorige vergadering het gesirkuleer en word goedgekeur sonder enige wysigings.

8. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE**:

8.1 **FINANSIËLE VERSLAE**

8.1.1 **Goedkeuring van begroting en Finansiële verslae**

Mnr. Nic Pretorius, die Tesourier, hou die finansiële state voor. Dit word goedgekeur. Die voorgestelde begroting word ook so aanvaar.

8.1.2 **Vasstelling van ledegeld**

Mnr. Pretorius stel voor dat ledegeld onveranderd bly. Die voorstel word aanvaar.

8.2 **VERSLAE**

9.2.1. **Versamelaars komitee**

Mnr. Bresler, Voorsitter van die versamelaars komitee, lewer verslag. Die versamelaars wat nie aan die vereistes van die BWAV voldoen het nie, word op ‘n dissiplinêre lys geplaas. Om hulle naam van die lys te verwyder, moet hulle aan die volgende vereistes voldoen:

- Hulle moet die kantoor kontak en hulle lêers op datum bring.
- Hulle moet ‘n onderhoud met die versamelaars komitee reël en
- ‘n Boete van R300.00 word teen hulle gehef.

Die voorstel word so aanvaar.

Daar word voorgestel dat die bestuur die persone wat deelneem aan die beheer van renoster-stropery, erkenning gee en dit aanvaar as ‘n versamelaars-aktiwiteit. Die bestuur onderneem om aandag daaraan te gee.

8.2.2 **Toegewyde Jagters, Baanoffisiere en Opleiding**

Mnr. Fred Earle, Voorsitter van die Toegewyde Jagters komitee, lewer verslag. Die verslag word aanvaar.

8.2.3 **CHASA**

Die bestuur voel dat ons CHASA vergaderings moet heroorweeg, weens die hoë kostes daaraan verbonde. Die voorstel word aanvaar.

9. **NUWE SAKE**

9.1 **JAARPROGRAM**

Die program word voorgelê en goed gekeur.

9.2 **AKKREDITASIE AS JAGTERS VERENIGING**

Die BWAV se aansoek is reeds voltooi en ingehandig. Dit is tans by Sentrale Vuurwapen Register.

9.3 **JAGGELEENTHEDE**

Tans is die bestuur besig met die samestelling van 'n beknopte gids vir die vuurwapen eienaar en jagter. Die gebied wes van die N1 word gedek. Inligting soos noodnommers, jagsplase, wetgewing en Professionele Jagters sal daarin verskyn.

9.4 **NUWE LEDE**

Die Voorsitter heet die volgende nuwe lede welkom, hulle het in 2011 by die BWAV aangesluit: Annelies Dreyer, Santie Meyer, Nico Muller, Henry Keyter, Gilbert Nyatlo, Edward Wilson, Stefan Dreyer, Johann Pretorius, Lesinda Meintjies, Johan De Jager

9.5 **GELUKWENSINGS**

Die Voorsitter wens die volgende persone geluk met hulle prestasies:

Jan Bondesio wat tans besig is met die finale proewe vir die Protea span wat gaan deelneem aan die haelgeweer skiet in Hongarye.

Fred Earle en Tokkie Krüger wat gekies is vir SA Sport en Jag se provinsiale span.

10. **VOORSITTER VERSLAG**

Die Voorsitter, Mnr. Theron Wessels, lewer verslag. Die verslag word aanvaar.

11. **VERKIESING VAN NUWE BESTUUR:**

Verkiesing vir bestuurslede ten opsigte van ondervermelde vakante poste.

Die volgende persone word eenparig as nuwe bestuurslede verkies:

11.1 Voorsitter – Mnr. Theron Wessels

11.2 Versamelaars Komitee – Mnr. Charles Bresler

11.3 Toegewyde Jagters en Baanoffisiere – Mnr. Fred Earle

11.4 Opleiding – Mnr. Tokkie Krüger

11.5 Addisionele Lid 1 – Jan Bondesio

11.6 Addisionele Lid 2 – Frikkie van Staden

11.7 Addisionele Lid 3 – Johann Pretorius

12. **BEDANKINGS**

Die Voorsitter bedank Neels en Karen Malan vir die beskikbaarheid en gebruik van hulle fasiliteite, Sydney Wells vir die klankstelsel, Anneliese Dreyer en Lettie van der Merwe vir die hulp met die administrasie.

Vergadering verdaag

Gelees en goedgekeur op hede die ___________ dag van _________________________________ 2013.